SAKE (Rapport)
19 Oct 2014, p.4

# Gebruik trust waarvoor dit bedoel is

## As jy dit verkeerd gebruik, kan jy 'n groot klomp geld verloor

Ek kry gereeld die vraag: Moet ons 'n trust oprig?

Dan is my teenvraag gewoonlik: Moet ek 'n hamer gebruik, of 'n tang?

Ja, ek weet – die vraag is logies: Om wat mee te maak? Spykers in te slaan? Skroewe in te draai? Draad te span?

Dis die punt.

'n Trust is 'n stuk gereedskap. As jy dit verkeerd aanwend, mors jy jou geld. En loop tog maar lig vir al die gewaande belastingvoordele. Jy skep nie 'n trust om minder belasting te betaal nie.

Al is daar hier en daar 'n belastingvoordeel – wat dikwels op 'n ander manier beter gehanteer kon word – is dit nie die eintlike doel met 'n trust nie. Die hele idee met 'n trust is om bates tot die voordeel van iemand anders te bestuur. Dit is al.

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Die Wet op Trustgoedere (57 van 1988) is baie duidelik hieroor. Sodra bates na 'n trust oorgedra is, is dit nie meer joune nie. Jy kan dus nie meer daarmee maak wat jy wil nie. En as jy dit doen, hou dit vir jou groot risiko in, want al die voordele wat die trust jou (of liewer die derde party vir wie jy die trust opgerig het) kon bied, word dan nietig.

'n Trust as 'n stuk gereedskap in boedelbeplanning kan byvoorbeeld heeltemal ongedaan gemaak word as jy nie die konsep van skeiding tussen die beheer en die gebruik van trustbates verstaan en behoorlik toepas nie.

Dit kan jou onverhoeds betrap met onder meer boedel-, kapitaalwins-, inkomstebelasting- en selfs vererwingsprobleme wat jy juis probeer vermy het.

Een hofsaak wat hier uitstaan, is Landbank vs. Parker, wat alle twyfel oor hoe ons howe dit sien, die nek inslaan.

Ander belangrike uitsprake is in Badenhorst vs. Badenhorst en Jordaan vs. Jordaan. Dié twee het te doen met egskeidings waarin die hof trustbates verdeel het omdat daar nie genoeg skeiding tussen beheer en gebruik was nie.

Van die grootste slaggate wat ons daagliks in trustakte opmerk, is die reg wat die trustoprigter hou om:

- Trustees af te dank of aan te stel;
- In sy of haar testament te kan bepaal hoe trustbates verdeel moet word; en
- Besluite van trustees te kan veto.

Om terug te keer na belasting, want dit lyk my dit is regtig die grootste oorweging met die meeste trusts, as ek so om my luister: Ons vriend Jan Taks het lankal sy mes in vir trusts en al die foefies om belasting, byvoorbeeld boedelbelasting, te vermy.

Een van die grootste verkoopsargumente vir trusts is dat jy so boedelbelasting vermy. Want as trustbates nie joune is nie, kan dit mos nie vir boedelbelasting in aanmerking kom nie. En dit is reg so.

Maar die Boedelbelastingwet (wet 45 van 1955) maak spesifiek voorsiening daarvoor dat trustbates waaroor die trustoprigter voor sy dood tot sy eie voordeel beheer gehad het, wel vir boedelbelasting in ag geneem kan word.

As niks jou uit die dode kan opwek nie, sal 'n 20%-belastingskok jou dalk in jou kis laat omdraai. Laat staan nog die verdere kontantprobleme in jou boedel en die vererwingskomplikasies wat daarop kan volg. En dan praat ons nie eens van die slaggate met kapitaalwins- en inkomstebelasting nie.

Daar is spesifieke teenvermydingsmaatreëls in die wet ingeskryf wat die meeste belastingfoefies vasvat, maar dit word dikwels oor die hoof gesien, totdat dit te laat is.

'n Trust kan 'n goeie stuk gereedskap wees. Maar dan moet jy nie probeer kap as jy eintlik moet draai nie.

■ *Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.*

*Twiet: @Nicovangijsen*

### Dié week se winssyfers en dividende

| MAATSKAPPY | | OMSET (R) | | WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL (SENT) | | DIVIDEND PER AANDEEL (SENT) | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2013 | 2014 | 2013 | 2014 | 2013 | 2014 |
| Calgro M3 | t | 434, 63 m. | 412,07 m. | 40,16 | 50,97 | -- | -- |
| Dawn | f | 3,76 mjd. | 4,44 mjd. | 66,10 | 50,15 | 16,5 | 16,5 |
| Delta | t | 218,95 m. | 442,30 m. | 40,66 | 38,62 | 32,51 | 40,01 |
| Oasis | t | 25,92 m. | 40,57 m. | 29,8 | 55,5 | 43 | 49 |
| Pick n Pay | t | 30,3 mjd. | 32,5 mjd. | 40,81 | 53,98 | 14,80 | 19,60 |
| PSG | t | 2,66 mjd. | 5,37 mjd. | 551,3 | 239,0 | 43 | 55 |
| Value Group | t | 946,59 m. | 984,94 m. | 26,4 | 4,9 | 9 | 5 |

f – finale jaarverslag  t – tussentydse verslag  *voortgesette bedrywighede  **genormaliseerde verdienste
Dividende is die totale dividend en nie die finale dividend nie. Hoewel *Sake* alles in sy vermoë doen om die akkuraatheid van die syfers te verseker, aanvaar ons geen verantwoordelikheid vir foute wat kan insluip nie.

Grafika24

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.